*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/21)*
**(Volg my op Twitter justchad_cga)**
*Justin Chadwick 23 April 2021*

***"There is little success where there is little laughter" Andrew Carnegie***


## CGA soek na 'n Voedselveiligheid- en Volhoubaarheid Portfolio Assistent!

Ons soek na geskikte kandidate om vir hierdie opwindende nuwe pos by die CGA aansoek te doen. Met die toenemende veranderinge aan voedselveiligheid- en volhoubaarheidsvereistes, is daar nou meer kapasiteit nodig om voor met hierdie ontwikkelings te bly. Kwessies soos die verhoogde toepassing van Geïntegreerde plaagbestryding, die verlies aan belangrike MRL's, die aanpassing van plaagdodergebruikspraktyke, beter bestuur van waterhulpbronne en die aanpak van klimaatsverandering, verander voordurend en die sitrusbedryf moet vooruit kan dink en pro-aktief voorberei vir en aanpas met, hierdie veranderings. Binne die raamwerk van die strategiese plan vir voedselveiligheid en volhoubaarheid van die CGA, is hierdie nuwe pos geskep om aan Paul Hardman bykomende administratiewe en tegniese ondersteuning te bied. 'n Volledige beskrywing van die posisie is op die CGA-webwerf (*here*). Belangstellendes moet die instruksies volg om aansoek voor 27 April 2021 te doen.

## Citrus Sustainability Survey

Belanghebbendes in die sitrusbedryf word sterk aangemoedig om aan die "Citrus Sustainability Survey" deel te neem. Hierdie aanlyn-opname is opgestel om CGA te help om die aard van uitdagings waarvoor produsente, pakhuise en uitvoerders te staan kom, te bevestig en te verstaan. Dit sluit onderwerpe soos IPM, MRL's en ander volhoubaarheidsfaktore in. Hierdie data sal 'n basislyn vorm om kwessies oor tyd na te spoor en die agtergrondinligting te ontwikkel wat nodig is om effektief met invoerders, kleinhandelaars en reguleerders in gesprek te tree. Die inligting sal vertroulik hanteer en saamgevoeg word om enige kommersiële probleme te voorkom. Die aanlyn "Citrus Sustainability" Survey kan *here* gevind word. Terugvoering word voor 10 Mei 2021 benodig.

## WEEKLIKSE STATISTIEK: 2021 POMELO SKATTING




Oor die algemeen het pomelo's 'n tendens van alternatiewe drag, met 2021 as 'n 'on' jaar. Die geskatte volume vir 2021 is 16% meer as die volume wat in 2020 uitgevoer is.

Die volumes word in 17 kg-kartonne vertoon, en dit wys dat die 2021-uitvoervolume marginaal hoër as die 2013-volumes is, maar ongeveer 'n halfmiljoen kartonne minder as die 2018-rekord-pomelo-uitvoeroes.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 16 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2019 | 2020 | 2021 | 2020 | 2021 | 2021 | 2021 | 2020 |
| Pomelo's | 1.1 m | 1.6 m | 3.0 m | 0.4 m | 0.5 m | 18 m | 18.0 m | 15.5 m |
| Sagte Sitrus | 0.7 m | 1.3 m | 1.4 m | 0.4 m | 0.5 m | 30.5 m | 30.5 m | 23.6 m |
| Suurlemoene | 2.5 m | 6.0 m | 6.1 m | 4.7 m | 3.6 m | 30.2 m | 30.2 m | 29.6 m |
| Nawels | 0.1 m | 0.1 m | 0.1 m | - | - | 26.3 m | 26.2 m | 26.2 m |
| Valencias | 0.2 m | - | - | - | - | 58 m | 58.0 m | 55.1 m |
| Totaal | 4.6 m | 9.0 m | 10.6 m | 5.5 m | 4.6 m | 163 m | 163 m | 150 m |
| | | | | | | | | |